momentum

# Aansoek om kontantonttrekking of afkoop

Polis-/Voordeel-/Kontraknommer

**A. Investo** – **Vroeë kansellasie (afkoop)**
– **Opsionele kontantwaarde (OKW)**

**B. Tradisioneel** – **Vroeë kansellasie (afkoop)**
– **Opsionele kontantwaarde (OKW)**
– **Skuldaflossing**
– **Opsionele uitkeerwaarde (Lifegro Universal-polisse)**
– **Vroeë kansellasie van vrywillige vastetermynannuïteit of Gewaarborgde belegging**

A B

Ons raai u aan om u persoonlike finansiële adviseur te skakel voor u enige veranderinge aan u finansiële portefeulje aanbring.

## Vereistes

1. Hierdie vorm is elektronies vulbaar. Indien u verkies om dit per hand in te vul, doen dit asseblief in swart ink en in blok hoofletters. Hierdie vorm moet onderteken word deur die polishouer/beleggingseienaar en moet mede-onderteken word deur die gade indien binne gemeenskap van goedere getroud is op of na 01/11/1984.
2. ’n Leesbare afskrif van identiteitsdokument (identiteitsdokument, paspoort of beide kante van kaartbestuurslisensie) vir die polishouer/beleggingseienaar.
3. Bewys van bankbesonderhede - gekanselleerde tjek of volledige bankstaat, nie ouer as drie maande nie.
4. Bewys van u woonadres indien dit nuut is, of anders is as wat ons op ons rekords het, of as dit nie die afgelope 24 maande bygewerk is nie. Dit word benodig ingevolge die Wet op Finansiële Intelligensiesentrum (FIS). Indien dit nie by hierdie instruksie aangeheg is nie of as ons meer besonderhede benodig, kan ons vir bykomende inligting of dokumentasie vra.
5. Indien die polis/kontrak gesedeer is, moet die sessionaris hierdie aansoek onderteken.
6. Indien die polishouer/beleggingseienaar ’n trust is, heg asseblief afskrifte van die volgende aan:
   - Die trustakte,
   - ’n Huidige en geldige aanstellingsbrief, uitgereik deur die Meester van die Hoë Hof, wat uiteensit wie as trustees aangestel is, en
   - ’n Resolusie onderteken deur die aangewese trustees wat bepaalde trustees magtig om namens die trust op te tree (net nodig waar nie al die trustees die dokumente sal onderteken nie).

**Belangrik**

- Hierdie vorm is net geldig vir drie maande na die datum van ondertekening.
- Let asseblief op dat wetgewing die waarde kan beperk wat betaalbaar is indien u polis/kontrak in ’n beperkte tydperk of verlengde beperkte tydperk is (ingevolge artikel 54 van die Langtermynversekeringswet). Net een gedeeltelike onttrekking en een lening kan tydens ’n beperkte tydperk plaasvind.
- Ons bereken die effektiewe waardes op die dag waarop ons die laaste uitstaande vereiste ontvang. Die betaling of vermindering van enige waardes deur Momentum verteenwoordig die volle en finale aflossing van die maatskappy se aanspreeklikheid vir die bedrag as sodanig.
- Onttrekkings van die opsionele kontantwaarde (OKW) is nie soos lenings terugbetaalbaar nie.
- Indien daar enige uitstaande vereistes is, sal die debietorder net op versoek van die kliënt gekanselleer word.

A B

## Kontakpersoon vir vereistes

Indien ons nie hierdie kontakpersoon kan bereik nie of indien hierdie afdeling nie ingevul is nie, sal ons die kliënt kontak.

Naam

Kontaknommer Faksnommer

E-posadres

A B

## Afdeling 1: Polishouer/Beleggingseienaar se besonderhede

Titel Voorletters Volle name

Van/Naam van regsentiteit

Vorige vanne

A B

## Afdeling 1: Polishouer/beleggingseienaar se besonderhede (vervolg)

Aard van kliënt: Natuurlike persoon ◯ Alleeneienaar ◯ Maatskappy/Beslote korporasie ◯ Vennootskap (almal natuurlike persone) ◯ Vennootskap (ander) ◯ Nie-belasbare instelling ◯

Kontakpersoon indien regsentiteit

Geslag: Manlik ◯ Vroulik ◯ Watter taal verkies u? Engels ◯ Afrikaans ◯

Geboortedatum: D D – M M – J J J J

Identiteits-/Registrasie-*/Paspoortnommer — RSA-ID Ja ◯ Nee ◯

*Registrasienommer is verpligtend indien 'n maatskappy, beslote korporasie of vennootskap (ander).

Posadres — Poskode

Woonadres — Poskode

Telefoon - werk — Faks

Telefoon - huis — Selfoon

E-posadres

Hoe moet ons met u kommunikeer? E-pos ◯ Pos ◯

Is u tans insolvent? Ja** ◯ Nee ◯ Indien ja, datum van insolvensie D D – M M – J J J J

**Verskaf aanstellingsbriewe en toestemming van kurator.

Indien 'n regsentiteit, is die regsentiteit ooit gelikwideer of onder geregtelike bestuur geplaas of is enige regsproses om likwidasie of geregtelike bestuur hangend teen die regsentiteit? Ja ◯ Nee ◯

Belastingstatus: Maatskappy/Beslote korporasie **(M)** ◯ Natuurlike persoon **(N)** ◯ Nie-belasbare instelling **(I)** ◯ Alleeneienaar **(S)** ◯ Vennootskap (ander) **(M)** ◯ Vennootskap (almal natuurlike persone) **(N)** ◯

Belastingstatus van die trustbegunstigdes (indien die regsentiteit 'n trust is): Maatskappy **(C)** ◯ Natuurlike persoon **(P)** ◯ Nie-belasbare instelling **(Z)** ◯

Bykomende polishouers/ beleggingseienaars
1.
2.

Sessionaris

Posadres — Poskode

Bykomende sessionarisse
1.
2.

A B

## Afdeling 2: Voorkoming van geldwassery

### 2.1 Bron van fondse en bron van inkomste

| | | |
|---|---|---|
| ☐ | Salaris as werknemer | Naam van werkgewer |
| ☐ | Vergoeding as eienaar/entrepreneur | Naam van hoof-besigheid |
| | | Aard van besigheid |
| ☐ | Erflating | Naam van afgestorwe boedel |
| ☐ | Beleggingsinkomste | Bron van kapitaal |
| ☐ | Prysgeld | Bron, bv. Lotto — Datum D D – M M – J J J J |
| ☐ | Spaargeld | Bron van spaargeld |
| ☐ | Ander | Spesifiseer |

| Polis-/Voordeel-/Kontraknommer | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

A B

## Afdeling 2: Voorkoming van geldwassery (vervolg)

### 2.2 Polities-blootgestelde persone (PBP's)

PBP's is individue wat toevertrou word, of in die verlede toevertrou was met 'n prominente publieke funksie, in enige land. Indien u familielid, vennoot of benoemde begunstigde 'n PBP is, word u ook as 'n PBP geag. 'n PBP-status is nie net van toepassing op staatsdienswerknemers of 'n persoon wat in politiek betrokke is nie.

Die volgende openbare funksies dien as voorbeelde om PBP's te identifiseer: Staatshoofde, kabinetministers, parlementslede, senior administreerders in staatsdepartemente, senior regters, die bestuurder wat 'n tender toestaan in die plaaslike munisipaliteit en wat invloed het om die betaling van geld te manipuleer, senior en/of invloedryke amptenare, ambassadeurs of senior verteenwoordigers van godsdienstige organisasies.

Deur die bogenoemde in ag te neem, antwoord asseblief die volgende vraag:

**Polishouer/Beleggingseienaar** — Is u of die kontakpersoon of enige aandeelhouer (in die geval van 'n regsentiteit) 'n polities-blootgestelde persoon (PBP)? Ja ◯ Nee ◯

A B

## Afdeling 3: Opsies

**Merk asseblief u keuse met 'n "X"**

A

### 3.1 Investo-kontrakte

#### 3.1.1 Versneller-opsie

Hierdie opsie is slegs beskikbaar vir **rand-bedrag, opsionele kontantwaardes** (OKW's) wat op Investo-kontrakte geneem word. Sodra Momentum al die uitstaande vereistes ontvang het, verwerk ons die versoek binne 24 uur, onderworpe aan die eenmalige versneller van R100.00, wat van die oorblywende fondswaarde verhaal sal word.

☐ Ja, ek wil die betaling versnel (net vir rand-bedrag OKW onttrekkings)

☐ Nee, ek sal wag totdat die transaksie gefinaliseer is, wat gewoonlik binne 5-7 werksdae is

**Handtekening van polishouer/beleggingseienaar** ____________ **Datum** D D – M M – 2 0 J J

Indien hierdie afdeling nie ingevul en onderteken is nie, kan Momentum nie die betaling versnel nie.

A

#### 3.1.2 Onttrekkingsinligting

Vroeë kansellasie (afkoop en kanselleer die kontrak) ☐

Opsionele kontantwaarde (OKW) ☐ OKW bedrag vereis R

Betaal asseblief die opsionele kontantwaarde (OKW) uit die volgende fondse:

Indien u geen fondse kies nie, onttrek Momentum die kontantwaarde eweredig uit alle fondse.

| Volledige fondsname | Bedrag | of Persentasie |
|---|---|---|
| | R | % |
| | R | % |
| | R | % |

B

### 3.2 Tradisionele polisse

Vroeë kansellasie (afkoop en kanselleer die polis) ☐

Opsionele kontantwaarde (OKW) ☐ OKW bedrag vereis R

Skuldaflossing ☐ Skuldbedrag om af te los R

**Opsionele uitkeerwaardes (hierdie kontantonttrekking is net op Lifegro Universal-polisse beskikbaar op die tiende verjaardag van die polis en elke vyf jaar daarna)**

Neem die volle opsionele uitkeerwaarde (sit die polis voort) ☐

Neem 'n gedeelte van die opsionele uitkeerwaarde (sit die polis voort) ☐ Bedrag vereis R

Polis-/Voordeel-/Kontraknommer

B

## Afdeling 3: Opsies (vervolg)

### 3.2 Tradisionele polisse (vervolg)

**Vroeë kansellasie van vrywillige vastetermynannuïteit of Gewaarborgde belegging**

Vrywillig aangekoopte annuïteit ☐ Gekommuteerde waarde R

Annuïteitspolisnommer

Enkelbedragbeleggingsplan ☐ Gekommuteerde waarde R

Beleggingspolisnommer

A B

## Afdeling 4: Persoonlike bankbesonderhede

Momentum laat nie derdepartybetalings toe nie.

Rekeninghouer se naam en van

Naam van finansiële instelling

Soort rekening Lopend/Tjek ○ Spaar ○ Transmissie ○

Rekeningnommer Takkode - - -

**Handtekening van polishouer/beleggingseienaar**

**Datum** D D – M M – 2 0 J J

A B

## Afdeling 5: Kennisgewing aan sedent

Die finansiële instelling moet hierdie afdeling vir kollateralesekuriteitsessies invul.

Ek/Ons, , bevestig dat die skuld waarvoor die polis/voordeel/kontrak as sekuriteit gedien het, verskuldig en betaalbaar is en dat ek/ons die sedent in kennis gestel het dat ek/ons polis-/voordeel-/kontraknommer sal kanselleer of ´n opsionele kontantwaarde of risikofondswaarde daarop sal neem.

A B

## Afdeling 6: Verklaring

Ek/Ons verklaar dat:

1. Ek/Ons die wettige eienaar/s van die polis/voordeel/kontrak is en bevoeg is om met die polis/voordeel/kontrak te handel.
2. My/Ons boedel/s solvent is en nog nooit gelikwideer of gesekwestreer is nie.
3. Ek/Ons nie die polis/voordeel/kontrak gesedeer of aan enigiemand verpand het nie, hetsy deur ´n huwelikskontrak of andersins, behalwe ten gunste van Momentum, ’n afdeling van MMI Groep Beperk (“Momentum”), as sekuriteit vir ’n lening op die polis/voordeel/kontrak.
4. Ek/Ons Momentum spesifiek magtig om die opbrengs wat aan my/ons verskuldig is, te betaal in die rekening wat ek/ons aangedui het en dat ek/ons Momentum vrywaar teen alle aksies, regsgedinge, eise, vorderings, koste en uitgawes wat die gevolg is van Momentum se uitvoering van my/ons opdrag. Ek/Ons erken dat sodanige betaling die volle aflossing sal wees van enige verpligting wat Momentum ingevolge my/ons opdrag aan Momentum kan hê.
5. Ek/Ons waarborg dat ek/ons die wettige eienaar/s is van die polis/voordeel/kontrak en geregtig is om daarmee te handel. Ek/Ons vrywaar Momentum teen alle aksies, regsgedinge, eise, vorderings, koste en uitgawes wat ingestel word deur enige derde party wat die regte en belange in hierdie polis/voordeel/kontrak mag hou.
6. Indien ek/ons my/ons polis/voordeel/kontrak gekanselleer het, sedeer ek/ons, onderworpe aan die bestaande bepalings van die polis/voordeel/kontrak, al my reg, titel en belang ooreenkomstig die polis/voordeel/kontrak aan Momentum Connect (Edms.) Bpk. waarvoor ek/ons as teenprestasie die betaling van die kontantwaarde van Momentum namens Momentum Connect (Edms.) Bpk. aanvaar. Ek/Ons erken dat Momentum Connect (Edms.) Bpk. of sy wettige opvolgers toegang het tot my/ons persoonlike inligting vervat in hierdie polis/kontrak/voordeel.
7. Ek/Ons aanvaar dat indien enige geld, plus rente aan my/ons betaalbaar is, sal Momentum die rentekoers bepaal in ooreenstemming met sy beleid op daardie tydstip.
8. Ek erken en verstaan dat:
   - daar ’n inherente risiko verbonde is aan die gekose beleggings wat onderliggend aan die kontrak is;
   - die waarde van enige finansiële transaksie onderworpe is aan die pryse op die tydstip dat die eenhede verkoop word. Die pryse wat op enige tydstip gekwoteer word, is nie gebaseer op daardie dag se pryse nie, maar weerspieël pryse wat ongeveer twee dae oud is; en
   - ’n opdrag wat vandag uitgereik word vir die omskakeling of verkoop van ’n portefeulje lei tot die kansellasie van eenhede teen die pryse wat geld ten tyde van die verkoop en wat binne een of twee dae se tyd bekend gemaak sal word.

   Nóg Momentum, nóg sy filiale, agente en/of gemagtigde verteenwoordigers is verantwoordelik vir die gevolge van enige nadelige markbewegings of die opdragte wat hulle uitgevoer het, of nie uitgevoer het nie, indien sodanige opdragte dubbelsinnig of onduidelik was.

A B

## Afdeling 6: Verklaring (vervolg)

### Omdraaitye

9. Ek verstaan dat:
Momentum in gewone omstandighede geldige opdragte verwerk binne twee werksdae nadat hy dit ontvang het. In die volgende gevalle kan Momentum egter nie my opdrag binne die tweedag-omdraaityd uitvoer nie:

- Waar die belegging in buitelandse fondse is:
Momentum voer altyd die opdragte by die vroegste moontlike verhandelingsgeleentheid uit, onderworpe aan die administrasieprosedures en moontlike fondsverhandelingsbeperkings wat met ’n belegging in buitelandse fondse gepaard gaan. Ek sal my finansiële adviseur of die Momentum kontaksentrum vir buitelandse beleggings raadpleeg indien ek nog inligting oor hierdie prosedures nodig het. Talle van die buitelandse fondse laat byvoorbeeld net verhandeling op ’n weeklikse basis toe en in sommige gevalle selfs op ’n kwartaallikse basis. Momentum kan die afhandeling van my opdrag binne die omdraaitye nie waarborg nie, aangesien die kennisgewings- en vereffeningstydperk van die verskillende fondsbestuurders nie dieselfde is nie. Selfs waar die fondse met daaglikse verhandeling betrokke is, is die standaardomdraaitye vir een been van ’n buitelandse opdrag (die verkoop/aankoop van eenhede) ’n minimum van nege werksdae. Ek let ook daarop dat Momentum nie die omskeppingstarief (wisselkoers) ten tye van die opdrag bepaal nie, maar eers sodra hy die verhandelingspryse ontvang het.
- In die geval van ’n buitengewone hoeveelheid verhandelings: In die geval van buitengewone voorvalle in die bedryf wat uitgebreide afwaartse druk in die mark veroorsaak, wat lei tot groter as die gemiddelde verhandelingsvolumes, kan ek nie Momentum verantwoordelik hou vir ’n vertraging in die afhandeling van my opdragte nie; en
- wanneer ’n opdrag onvolledig of onduidelik is.

Naam en van van gemagtigde ondertekenaar

Kapasiteit of amp van gemagtigde ondertekenaar

Indien u namens ’n regsentiteit teken, bevestig u dat u gemagtig is om die regsentiteit te verteenwoordig.

Geteken te                Datum D D – M M – 2 0 J J

**Handtekening van polishouer/beleggings-eienaar/behoorlik gemagtigde persoon wat namens die polishouer/beleggingseienaar onderteken waar die polishouer/beleggings-eienaar nie ’n natuurlike persoon is nie**

**Handtekening van polishouer/beleggings-eienaar/behoorlik gemagtigde persoon wat namens die polishouer/beleggingseienaar onderteken waar die polishouer/beleggings-eienaar nie ’n natuurlike persoon is nie**

**Handtekening van gade indien binne gemeenskap van goed getroud**

**Handtekening van sessionaris**

**MMI Groep Beperk**
Westlaan 268 Centurion 0157 Posbus 7400 Centurion 0046 Suid-Afrika
ShareCall 0860 11 49 30 Faks +27 (0) 12 675 3911 client@momentum.co.za www.momentum.co.za
Reg. No. 1904/002186/06 Momentum, ’n afdeling van MMI Groep Beperk, is ’n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste en krediet